WERKSMANS LIBRARY

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

**Buitengewone Offisiële Koerant**

*(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

**Official Gazette Extraordinary**

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

VOL. 216 PRETORIA, 29 MAART 29 MARCH, 1974 3684

No. 58 (Administrateurs-), 1974.

## PROKLAMASIE

ademaal by artikel 90 van die Grondwet van die ubliek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n Ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-Rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Ordonnansie op Finansiële Reëlings, 1974, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 26ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11(1974/1)

ORDONNANSIE NO. 3 VAN 1974.
(Toestemming verleen op 12 Maart 1974.)
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.)

# 'N ORDONNANSIE

**voorsiening te maak vir die oordrag van sekere inkomste van die Provinsie op die Reserwefonds vir Kapitaalwerke en die Reserwefonds vir Provinsiale Deurpaaie.**

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken —

"Inkomsterekening van die Provinsie" daardie gedeelte van die Provinsiale Inkomstefonds, gestig ingevolge artikel 88 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), waaruit normale of terugkerende uitgawes, soos beoog in artikel 2(a) van die Wet op Provinsiale Finansies en Oudit, 1972 (Wet 18 van 1972), bestry word. *Woordomskrywing.*

2. Voor of op die 31ste dag van Maart 1974, word daar van die Inkomsterekening van die Provinsie na die Reserwefonds vir Kapitaalwerke gestig ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op die Reserwefonds vir Kapitaalwerke, 1965 (Ordonnansie 10 van 1965), die bedrag van sewe miljoen rand oorgedra. *Oordrag van sekere inkomste na die Reserwefonds vir Kapitaalwerke.*

No. 58 (Administrator's), 1974.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Financial Adjustments Ordinance, 1974, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 26th day of March, One Thousand Nine hundred and Seventy-four.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11(1974/1)

ORDINANCE NO. 3 OF 1974.
(Assented to on 12 March, 1974.)
(Afrikaans copy signed by the State President.)

# AN ORDINANCE

**To provide for the transfer of certain revenues of the Province to the Capital Works Reserve Fund and the Provincial Throughways Reserve Fund.**

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

1. In this Ordinance —

"Revenue Account of the Province" means that portion of the Provincial Revenue Fund established under section 88 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), from which normal or recurrent expenditure, as contemplated in section 2(a) of the Provincial Finance and Audit Act, 1972 (Act 18 of 1972), is defrayed. *Definitions*

2. On or before the 31st day of March, 1974, there shall be transferred from the Revenue Account of the Province to the Capital Works Reserve Fund established in terms of section 2 of the Capital Works Reserve Fund Ordinance, 1965 (Ordinance 10 of 1965), the sum of seven million rand. *Transfer of certain revenue to the Capital Works Reserve Fund.*

3. Voor of op die 31ste dag van Maart 1974, word daar van die Inkomsterekening van die Provinsie na die Reserwefonds vir Provinsiale Deurpaaie gestig ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op die Reserwefonds vir Provinsiale Deurpaaie (Ordonnansie 18 van 1968), die bedrag van vier miljoen rand oorgedra. Oordrag van sekere inkomste na die Reserwefonds vir Provinsiale Deurpaaie.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Finansiële Reëlings, 1974. Kort titel.

No. 59 (Administrateurs-), 1974.

## PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n Ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-Rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Ordonnansie op Ongemagtigde Uitgawe (1971/72), 1974, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 26ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11(1974/2)

ORDONNANSIE NO. 4 VAN 1974.
(Toestemming verleen op 12 Maart 1974.)
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.)

# 'N ORDONNANSIE

**Tot aanwending van 'n verdere bedrag geld vir die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1972 om sekere ongemagtigde uitgawe te bestry en te dek.**

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

1. Die Provinsiale Inkomstefonds word hierby belas met 'n bedrag van een honderd agt en sestig duisend ses honderd en vyftig rand ses en veertig sent om sekere uitgawe, bo en behalwe die bedrag toegestaan vir die diens van die Provinsie vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1972 te bestry. Hierdie uitgawe word uiteengesit in die Bylae by hierdie Ordonnansie en word nader omskryf op bladsy 2 van die Verslag (wat aan die Provinsiale Raad voorgelê is) van die Provinsiale Ouditeur oor die Rekenings van genoemde jaar. Provinsiale Inkomstefonds belas met R168 650,46.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Ongemagtigde Uitgawe (1971/72), 1974. Kort titel.

BYLAE.

| No. van Begrotingspos | Titel van Begrotingspos | Bedrag |
|---|---|---|
| | (Op Kapitaalrekening) | R |
| 14 | Kapitaalbrûe .... .... .... .... .... .... .... .... | 168 650,46 |
| | Totaal .... .... | R168 650,46 |

3. On or before the 31st day of March, 1974, there shall be transferred from the Revenue Account of the Province to the Provincial Throughways Reserve Fund established in terms of section 2 of the Provincial Throughways Reserve Fund Ordinance (Ordinance 18 of 1968), the sum of four million rand. Transfer of certain revenue to the Provincial Throughways Reserve Fund.

4. This Ordinance shall be called the Financial Adjustments Ordinance, 1974. Short title.

No. 59 (Administrator's), 1974.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Unauthorised Expenditure (1971/72) Ordinance, 1974, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 26th day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11(1974/2)

ORDINANCE NO. 4 OF 1974.
(Assented to on 12 March, 1974.)
(Afrikaans copy signed by the State President.)

# AN ORDINANCE

**To apply a further sum of money towards the service of the Province of Transvaal during the year ended on the 31st day of March, 1972, for the purpose of meeting and covering certain unauthorized expenditure.**

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows: —

1. The Provincial Revenue Fund is hereby charged with the sum of one hundred and sixty eight thousand six hundred and fifty rand forty six cents to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the Province for the year ended on the 31st day of March, 1972. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Ordinance, and is more particularly specified on page 2 of the Report (which has been submitted to the Provincial Council) of the Provincial Auditor on the Accounts of the said year. Provincial Revenue Fund charged with R168 650,46

2. This Ordinance shall be called the Unauthorised Expenditure (1971/72) Ordinance, 1974. Short title.

SCHEDULE.

| No. of Vote | Title of Vote | Amount |
|---|---|---|
| | (On Capital Account) | R |
| 14 | Capital Bridges .... .... .... .... .... .... .... | 168 650,46 |
| | Total .... .... | R168 650,46 |